

Lam van God

'n Bybelse Pasga-Nagmaal

Gerhard Gai-Gai Groenewald

Die Lam van God: 'n Bybelse Pasga-viering

Die interaktiewe verhaal ("Haggadah" in Hebreeus) in hierdie boekie is gebaseer op die Pasga-maaltyd van Jeshua en sy dissipels.

Dit bevat die basiese kern-elemente van 'n Bybelse Pasgaviering, om die leser in staat te stel om 'n beter begrip te hê van die gebeure tydens die laaste avondmaal van Jeshua saam met sy dissipels.

Die verhaal van die Pasga-Nagmaal volg 'n antieke orde, wat "Seider" genoem word in Hebreeus (dis ook die naam van die bord met die simboliese voedsel).

Dis heelwaarskynlik dieselfde orde wat deur Jeshua en sy dissipels gevolg is tydens die Laaste Avondmaal.

Die fokus is op Jeshua ons Pasgalam, en die geestelike en profetiese aspekte van Paasfees.

Mag dit meer diepte en betekenis verleen aan u Nagmaal.

Gerhard Groenewald

Maart 2020

Faure, Weskaap, Suid-Afrika

Skrifaaanhalings vanuit die Ou Afrikaanse Vertaling 1953 of die Messiaanse Studie Bybel. (Nota: "Jeshua" is die oorspronklike Hebreeuse uitspraak van Jesus se naam.)

Materiaal kan herdruk word vir persoonlike en groepsgebruik, maar sonder veranderinge en met erkenning aan Moadim Media.

Omslagontwerp: Gerhard Groenewald

Daar is gidslyne vir die aanbied van hierdie feesviering in 'n groep of gemeente in die agterkant van hierdie boekie.



Soli Deo Gloria

Eer aan God alleen.

Ek dra hierdie boekie op aan
almal wat my bediening ondersteun.

Baie dankie vir jul ondersteuning en gebede!

Shalom

Program

1. Voorbereiding vóór die Fees
2. Verwelkomings en afkondigings
3. Jeshua, die Lig van die wêreld
4. Die Fees begin: Blaas die shofars!
5. Nuwe Verbond Geloofsverklaring
6. Die vier bekere wyn: Die Eerste Beker
7. Die Pasga Gebed
8. Rein hande en skoon hart
9. Nuwe lewe uit tranes
10. Die vier vrae
11. Die Tweede Beker – Die Beker van Vrymaking
12. Die Pasga Lam
13. Die Pasgamaal
14. **Nagmaal**: Die Afikomen en die Beker van Verlossing
15. Lofdans / musiekvideo (opsioneel)
16. Die Beker van Elia: Berei die Weg van God
17. Die Here se gebed vir sy dissipels
18. Die Loflied
19. Die Vierde Beker – die Beker van Lofprys
20. Die Priesterlike Seën
21. Afsluiting
22. Opruiming

Dit word sterk aanbeveel

dat gaste hierdie gedeelte deurlees vóór die Fees, indien moontlik.

1. Voorbereiding vóór die Fees

Dit is baie belangrik dat ons voorbereid is wanneer ons die Pasga vier. Nagmaal is 'n afgesonderde (heilige) gebeurtenis, daarom neem ons dit baie ernstig op.

Die Pasga-Nagmaal: Tot gedagtenis aan Jeshua (Zichron Mashiach)

Toe Jeshua die Verbond hernu het tydens Pesach, het hy die Heilige Nagmaal ingestel en gesê ons moet dit doen tot sy gedagtenis.

(Jer 31:31-33, Mat 26:28, Luk 22:12+20, 1 Kor 11:23-25)

Ons moet die Verbondsmaal eet om deel te wees van die verbond. In Bybelse tye het die bruidegom wat sy voornemende bruid die hand vra 'n glas wyn vir haar aangebied. Indien sy sy huweliks-ooreenkoms (ketubah/formulier) aanvaar dan drink sy van die beker en raak verloof aan hom.

Joh 6:53 **En Jeshua sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.**

Dis vir **alle** gelowiges wie daaraan **wil** deelneem en wie se **harte voorbereid** is:

'n Bruid is eksklusief afgesonder aan haar Bruidegom. Vir ons as Nuwe Verbond gelowiges is dit die belangrikste en "heiligste" gebeurtenis van die jaar. Nagmaal is 'n gewyde gebeurtenis, daarom moet ons ons harte voorberei om daaraan deel te neem:

1 Kor 11:28-30 Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. **Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.** Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap.

Ons moet dus deeglik bewus wees daarvan dat die brood en wyn afgesonder ("heilig") is, want dit verteenwoordig die liggaam van Jeshua.

Vorbereidings vir Pasga begin alreeds 'n paar dae vóór die tyd deurdát all suurdeeg en rysmiddels (enigiets wat "opblaas") verwyder word. Enige oorblywende voedsel wat suurdeeg bevat word verbrand die oggend voor Pasga begin.

Exo 12:15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet afgesny word van Israel.

Suurdeeg (en ander rysmiddels) veroorsaak dat die deeg rys; dit toon hoedat sonde ons trots en hoogmoedig maak. Dit spreek ook van valse leringe wat mettertyd die hele deeg beïnvloed. Die doel en fokus van die skoonmaakproses is om ons daaraan te herinner dat ons lewens sonder suurdeeg moet wees.

1 Kor 13:4 Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie

1 Kor 5:6-8 Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? v7 Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik die Messias.

v8 Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.

Dit gaan nie oor "pannekoek eet" nie maar heiligmaking (heiligmaking beteken om God se gebooie te onderhou). Dit gaan meer oor die geestelike dan die fisiese. Dit gaan daarvoor om navolgers van ons Messias te wees.

Exo 12:48b Geen onbesnedene mag daarvan eet nie.

Deu 30:6 En Jahweh jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om Jahweh jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.

Esr 6:21 En die kinders van Israel wat uit die ballingskap teruggekeer het, het dit geëet en **elkeen wat hom van die onreinheid van die nasies van die land afgesonder** het om saam met hulle Jahweh, die God van Israel, te soek.

Die Oorsprong van Pasga: Om verby te gaan

Eks 12:3-6 Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.

Ekso 12:7-13 En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle **verbygaan**. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

Deu 16:1 Onderhou die maand Awiew en hou pasga vir Jahweh jou God; want in die maand Awiew het Jahweh jou God jou in die nag uit Egipte uitgelei.

Die boodskap van Pasga is beskerming en redding deur die bloed van die Lam. Die Hebreuse woord vir verbygaan is "Pesag".

Die Evangelie volgens Moses

Die Skriftuurlike basis vir ons verhaal is Eks 13:8 - En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat Jahweh aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het.

Dit is die goeie nuus van verlossing deur die Pasgalam – ons noem dit die "Evangelie volgens Moses". Egipte verteenwoordig die bindinge en slawerny van sonde, maar Jeshua het gekom om ons vry te maak. En dan moet ons getuies wees van dít wat God vir ons gedoen het toe ons uit die slawerny van sonde gekom het.

2. Welkom!

Welkom en aankondigings (groepleier of gasheer heet gaste welkom en doen aankondigings).

Lees *Vorbereiding vóór die Fees*.

Die Nagmaal is die fokus van vanaand. Daarná word daar nie weer geëet of gedrink nie.

Ons lees in 1 Kor 11:24+25 dat Jeshua dieselfde gedoen het, en ons probeer juis sy navolgers wees. Die smaak van die Afikomen moet die laaste ding wees wat u onthou van die aand...

Ons fokus op ons verhouding met God en sy Verbond wat hernu is deur Jeshua.

• **Gasvrou** **3. Jeshua, die Lig van die wêreld**

Jeshua, die Lig van die wêreld, het in die wêreld gekom deur 'n vrou (daarom steek 'n vrou die kerse aan). Die Menorah verteenwoordig Jeshua en die Heilige Gees, en ons steek nou die kerse aan tot hul eer (steek aan voor sononder).

Gebed:

Geseënd is U, Jahweh ons God, Koning van die heelal, wat ons afsonder deur U gebooie, en in wie se Naam ons die feeskerse aansteek.

Geseënd is U, Jahweh ons God, Koning van die Heelal, wat u Seun gestuur het, Jeshua die Messias, om die Lig van die wêreld en ons Paaslam te wees. Amen.

Shofar Blaser **4. Kondig aan dat die Fees begin: Blaas die shofars**

Psa 81:3 Blaas die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag.

Psa 89:15 Welgeluksalig is die volk wat die geklank ken; o Jahweh, hulle wandel in die lig van u aangesig.

• **Leser 1** **5. Die Shema: Ons Nuwe Verbonds-verklaring**

Die Shema is die oorspronklike geloofsverklaring van gelowiges.

Heb 8:10 / Jer 31:33 Maar dít is die Verbond wat Ek ná daardie dae met Israel sal sluit, spreek Jahweh: Ek sal my Instruksies (Torah) in hul binneste gee en dit skrywe op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

Mar 12:29 En Jeshua antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is:

Hoor, Israel: Jahweh is ons God, Jahweh alleen;

Mar 12:30 en jy moet Jahweh jou God liefhê met jou hele hart, en met jou hele siel, en met jou hele verstand, en met al jou krag. Dit is die eerste gebod.

Mar 12:31 En die tweede, soortgelyk aan die eerste, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie.
Mat 22:40 Hierdie twee gebooie is die fondasie van al God se Instruksies (Torah) en die profete.

• **Voorsanger**

שמע ישראל יהוה אלהינו יהוה אחד

Shema Yishra'el, Yahweh Eloheynu, Yahweh echad

Hoor Israel, Yahweh is ons God, Yahweh alleen

ברוך שם כבוד מלכותו לעולם ועד

Baruch shem kevod malchuto le'olam va'ed.

Geseënd is die Naam van Sy glorieryke Koninkryk vir ewig en altyd.

• **Leser 2**

6. Die vier bekere wyn

Die vier bekere wyn is 'n verwysing na wat Jahweh gesê het Hy sal doen om Israel sy verbondsvolk te maak in Eks 6:6+7:

1. Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei:

Beker van Afsondering,

2. en Ek sal julle red uit hulle slawerny:

Beker van Vrymaking,

3. en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte:

Beker van Verlossing ("Jeshuah" in Hebreeus)

4. en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees:

Beker van Lofprysing.

Tydens Paasfees vier ons hierdie handeling van verlossing deur vier keer uit ons bekere te drink.

Die eerste beker –

Beker van Afsondering (toewyding vir eksklusiewe gebruik)

God het Israel afgesonder om toegewyd te wees aan Hom, 'n heilige nasie. Nét so het Hy ons uitverkies om 'n heilige volk te wees, om te verkondig die deugde van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Pet 2:9).

Jeshua het die beker geneem, God geseën, en gesê: Neem dit en deel dit onder julle (Luk. 22:17).

• **Leser 3**

Die Pasga-gebed is 'n antieke "openings-gebed" wat gebid word oor die eerste beker, 'n gebed wat Jeshua heelwaarskynlik gebid het toe hy God gedank het voordat hy die eerste beker gedeel het (Luk. 22).

7. Die Pasga-gebed

Geseënd is U Jahweh, onse God, Heerser van die heelal, wat die vrug van die druif geskape het.

Geseënd is U, Jahweh ons God, wat ons afsonder deur U gebooie. En U het ons geskenk, Jahweh ons God, met liefde, die bestemde tye vir vreugde, feesdae en tye vir blydskap: hierdie feesdag van Pasga, die tyd van ons vryheid, 'n afgesonderde byeenkoms ter gedagtenis aan die uittoeg uit Egipte.

Want U het ons uitgekies en afgesonder van al die mense, en U het ons as erfenis U afgesonderde bestemde tye vir ons gegee met vreugde en blydskap.

Geseënd is U, Jahweh ons God, wat Israel en die Feestye afsonder. Geseënd is U, Jahweh ons God, wat ons bewaar het en gebring het tot op hierdie tyd.

Laat ons almal drink van die eerste beker van die Pasga terwyl ons onself toewy aan God.

• **Leser 4** **8. Skoon hande en rein harte**

Psa 24:3-4 Wie mag klim op die berg van Jahweh? En wie mag staan in sy Heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie.

Hierdie gedeelte van die Seider verwys na die priester wat sy hande en voete moes was in die waskom voordat hy die offers gebring het, of die Mees Heilige Plek ("Allerheiligste") binne gegaan het. Dit was heel waarskynlik op hierdie stadium van die Seider dat Jeshua sy dissipels se voete gewas het (Luk. 13:14), om aan ons te toon dat ons ander in nederigheid moet dien. Ons gaan nou ons hande was. Was die hande van jou eggenoot of 'n ander persoon en seën hulle terwyl jy dit doen.

Dis nou 'n goeie geleentheid om sake reg te maak met iemand vóór die Nagmaal, indien nodig. As jy iemand te na gekom het wat hier is vanaand, of daardie persoon het jou te na gekom, gaan na daardie persoon toe en was sy/haar hande en maak reg:

Mat 5:23+24 As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe.

• **Leser 1**

9. Nuwe lewe vanuit trane

God skep en onderhou lewe. Dit is nou lente in Jerusalem, en die groen groente verteenwoordig lente en nuwe lewe. Maar die lewe vir die kinders van Israel in Egipte was vol van lyding en trane, voorgestel deur hierdie soutwater. (Lig die groen takkie en soutwater op).

Psa 56:8 U het my omswerwinge getel; hou my trane in u kruik; is hulle nie in u boek nie?

Terwyl ons die groen takkie (dit word "karpas" genoem) in die soutwater steek en eet, laat dit ons herinner dat daar nuwe lewe kom ná lyding.

• **Leser 2**

10. Die vier vrae

Exo 12:26+27 En dit sal gebeur, wanneer julle kinders vir julle vra: Wat is julle bedoeling met hierdie diens? dan moet julle sê: Dit is 'n Pasga-offer aan Jahweh, omdat Hy by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Na aanleiding van hierdie Skrif word daar vier vrae gevra deur 'n kind (indien daar geen kinders teenwoordig is nie kan van die jonger volwassenes die vrae vra):

10.1: Ander aande eet ons enige brood, hoekom eet ons vanaand net matzo?

Toe die kinders van Israel uit Egipte gevlug het, was daar nie tyd vir hul brood om te reis nie:

Exo 12:39 En hulle het van die deeg wat hulle uit Egipte gebring het, ongesuurde koeke gebak, want dit was nie ingesuur nie. Omdat hulle uit Egipte uitgedryf is, kon hulle nie vertoef en vir hulle padkos klaargemaak het nie.

God het ons ook beveel om alle suurdeeg te verwyder en slegs ongesuurde brode te eet wanneer ons die Pasga herdenk:

Exo 12:14+15 En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees; en julle moet dit as 'n fees tot eer van Jahweh vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier. Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode (matzo) eet; alreeds op die eerste dag moet julle die suurdeeg uit julle huise verwyder. Want elkeen wat gesuurde brood eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié siel moet afgesny word van Israel.

- **Leser 3** Met Pasga word drie matzos toegevoeg in 'n doek.
Dit word genoem die **“Eenheid”**.

Ons neem nou die middelste matzo uit. [Hou die matzo omhoog]

Matzos word die “brood van beproewing” genoem. Dit herinner ons nie net aan die beproewing van die kinders van Israel in Egipte maar, maar ook aan die beproewing van Jeshua. Die brandmerke wys dat dit deur vuur moes gaan.

Suurdeeg is 'n simbool van sonde. Die matzo bevat egter geen suurdeeg nie, dis hoekom dit so plat is. Kyk net hoe plat is dit! Nét soos wat die matzo geen suurdeeg bevat nie, so was Jeshua ons Pasga-lam sonder sonde.

Jes 53:3 Hy was verag en deur mense verstoot, 'n man van smarte, en bekend met krankheid. Soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg was Hy verag, en ons het Hom nie geag nie.

Jes 53:4 Vir seker het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte gedra: maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel

[breek die matzo middeldeur en plaas die kleiner stuk van die matzo terug];

die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde word ons genees.

[hou die Afikomen omhoog]

Hierdie gebreekte matzo word die **Afikomen** genoem en dit simboliseer die Pasga-lam. Afikomen beteken **“Die Een wat Kom”** en dit verwys na die Messias wat gaan kom. Die Afikomen word weggesteek en teruggebring aan die einde van die Seider as die belangrikste deel van die maaltyd.

Dit beeld uit op 'n wonderbaarlike wyse die dood, graf, opstanding en wederkoms van ons Messias.

Mat 27:59 En Josef het die liggaam (van Jeshua) geneem en dit met skoon linne toegedraai

[vou die Afikomen toe in die lap]

(Die Afikomen is afgesonder en word gebruik tydens Nagmaal, behandel dit asseblief met die grootste respek.)

• Leser 4

10.2: Ander aande eet ons allerhande groente, hoekom eet ons vanaand bitter kruie?

Exo 1:13+14 Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel met wrede hardheid laat dien: en hulle lewe verbitter deur harde slawediens; met klei en bakstene, en deur allerhande werk in die landerye: al dié werk wat hulle met wrede hardheid deur hulle laat verrig het.

God wil hê dat ons die bitter lewe van die kinders van Israel in Egipte moet onthou, daarom het Hy ons beveel om matzos met bitter kruie te eet:

Exo 12:8 En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai;
saam met ongesuurde brode en bitter kruie moet hulle dit eet.

Die bitter kruie op die matzo herinner ons ook aan Jeshua wat vir moes ly, omdat Hy ons bitter op Hom geneem het:

Mat 8:17 sodat vervul sou word wat gesprek is deur Yesha'yahu, die profeet, toe hy gesê het:

Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.

God wil hê dat ons moet onthou wat gebeur het in Egipte, en wanneer ons ons sintuie gebruik dan onthou ons dit beter.

Terwyl ons 'n bietjie van die bitter kruie skep en dit op ons matzo plaas (enige matzo behalwe die Afikomen) en eet, laat die bitter smaak ons met medelye vul met die lyding van die Israëliete, en met dankbaarheid vir die bitter lyding van Jeshua wat ons bevry het van ons sondes.

• Leser 1

10.3: Ander aande doop ons ons voedsel nie eens een keer nie, hoekom doop ons ons voedsel twee keer vanaand, eers die groente in die soutwater, en nou die matzo, met die bitter kruie daarop, in die garoeset?

Die kinders van Israel moes klei stene maak en stede bou vir Faroe. Hierdie garoeset [Lig die garoeset] herinner ons aan die klei en die stene. Dit word gemaak van appel, heuning, neute en wyn. Die soet appelmengsel herinner ons daaraan dat selfs die bitterste omstandighede versoet word deur die hoop wat ons het in God.

Die verraad van Judas was bitter vir Jeshua, nogtans het hy dit geniet om die Pasgamaal saam met sy dissipels te eet voor sy lyding (Luk. 22:15).

Mar 14:18-20 En terwyl hulle (aan tafel op hul sye) lê en eet, sê Jeshua: Amen, Ek sê vir julle, een van julle sal My verraa, een wat saam met My eet. Toe het hulle begin om bedroef te word, en een vir een vir Hom te vra: Is dit miskien Ek? En 'n ander een: Is dit miskien ek? En Hy antwoord en sê vir hulle:

Dit is een van julle twaalf, die een wat saam met My sy hand in die skottel insteek.

Ons plaas nou, vir 'n tweede keer, 'n bietjie van die bitter kruie op ons stukkie matzo plaas. **Maar hierdie keer doop ons die matzo, met die bitter kruie daarop, in die garoeset.**

• Leser 2

10.4: Die Israeliete het gestaan tydens die eerste Pesag toe hulle Egipte verlaat het, hoekom het Jeshua en sy dissipels gelê en eet toe hulle die Pasga gevier het tydens hul Laaste Avondmaal?

Met die eerste Pasga het die Israeliete gestaan en haastig geëet. Slawe moes staan en hul meesters bedien. Ná hulle vrymaking het dit gewoonte geword onder die Israeliete dat hulle gelê het wanneer hulle die Pasga geëet het, omdat dit vryheid simboliseer. Dit verklaar ook hoe Jehoganan teen Jeshua se bors gelê aan die tafel toe hy gedraai het om met Hom te praat, omdat hy voor Jeshua gelê het.

Leser 2: Joh 8:36 As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

• **Leser 3** **11. Die tweede beker - die Beker van Bevryding**

Die storie van Pasga is 'n storie van slawerny en bevryding. Dis 'n storie van hoop wat nie beskaam word nie, 'n storie van 'n God wie se Verbonde ewig is. God het die land Israel belowe aan Abraham, Jietsgak en Ja'akov, maar hul nageslag was slawe in Egipte.

In Egipte is hulle verdruk en aan slawediens onderwerp. Hul kinders is vermoor. In hul nood het hul uitgeroep na God. Hy het hul gebede verhoor en Mosheh gestuur om hulle uit te lei.

Laat ons ons bekere 'n tweede keer vul (**maar moet nog nie drink nie**). 'n Beker met wyn is 'n simbool van vreugde, en ons is ook gevul met groot vreugde vir ons verlossing. Maar verlossing het gekom teen 'n prys. Mense het gesterf sodat die volk van God verlos kon word van slawerny. Jeshua het gesterf sodat ons verlos kan word van die slawerny van sonde. En baie mense het gesterf, en baie meer gaan sterf in hul sonde, omdat hulle Jeshua verwerp.

• **Leser 4**

Eze 33:11 Sê vir hulle: So waar as Ek leef, spreek Adonai Jahweh, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! En waarom sal julle sterwe, o huis van Israel, (as julle kan lewe)?

Pro 17:5 Hy wat die arme bespot, beledig sy Maker; hy wat hom verheug as 'n ramp iemand tref, sal nie ongestraf bly nie.

God het mense lief, en Hy verwag dat ons ook ander sal liefhê en medelye sal toon vir die goddelose wat gestraf word, en nie genot daaruit sal put nie, selfs al het hulle dit verdien.

Die tien plae is nie slegs histories nie, maar ook profeties: hulle herinner ons aan die tien plae van Openbaring wanneer God sy oordele uitstort. Ons het almal geliefdes wat ongered is, en sommige van hulle sal daardeur gaan. Dit verminder die volheid van ons beker van geluk, wat gewys word deur elke druppel wat val.

• **Leser 1**

Soos wat ons elke plaag aftel, laat ons 'n vinger doop in die beker en met elke plaag 'n druppel val. Almal saam:

- | | |
|-----------------|---------------------------------|
| 1. Bloed! | 2. Paddas! |
| 3. Luise! | 4. Steekvlieë! |
| 5. Pestilensie! | 6. Swere! |
| 7. Hael! | 8. Sprinkane! |
| 9. Duisternis! | 10. Dood van die eersgeborenes! |

(moet nog nie die tweede beker drink nie)

• **Leser 2 12. Die Pasgalam: Gered deur sy uitgestrekte arms**

Hierdie skeenbeen herinner ons aan die Pasgalam wat geslag is. Almal wat die bloed van die Pasgalam aan die deurpos gesmeer het, is gered, en almal wat kom na die kruis met die bloed van die Lam van God daarop word gered.

Die Hebreeuse woord vir hierdie been is z'roa en dit verwys na 'n uitgestrekte arm.

Deu 26:8 en Jahweh het ons uit Egipte uitgelei deur 'n sterke hand, en 'n uitgestrekte arm, en deur groot skrikwekkende daade, en deur tekens en wonders;

1Kor 5:7: Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees — in ooreenstemming daarmee dat julle ongesuurd is — want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Messias.

Ons word verlos deur die bloed van Jeshua. Jeshua het ons gered deur sy uitgestrekte arms – z'roa - wat vasgespyker was aan 'n dwarsbalk wat aan 'n boom vasgemaak was.

Laat ons die tweede beker drink – le'gaim! Op lewe!

=====

• **Spreker**

13. Die Pasgamaaltyd.

Let wel: Die belangrikste deel van die aand is die Heilige Nagmaal ná die maaltyd.

Laat ons daarop fokus tydens die maaltyd en ons nie besig hou met ydel praatjies nie:

Psa 19:14 Laat die woorde van my mond en die oordenking van my hart welbehaaglik wees voor u aangesig, o Jahweh, my rots en my verlosser!

=====

• **Gasheer**

14. Nagmaal

1 Kor 11:26 Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van Jeshua totdat Hy kom.

Nou kom ons by die belangrikste deel van die Pasga – die eet van die Afikomen en die drink van die derde beker. Dit was hierdie spesifieke gebreekte matzo, die Afikomen, en hierdie spesifiek beker, die Beker van Verlossing, wat Jeshua gebruik het toe Hy die Nagmaal ingestel het.

Die Afikomen: My liggaam wat vir julle gebreek word!

Daarop neem Jeshua die Afikomen, en Hy het God gedank en gesê:

Baroeg atta Jahweh/Adonai, Eloheinu, meleg ha’olam,
hamotsie legem min ha’arets

**Geseënd is U Jahweh/Adonai,
ons God, Koning van die heelal,
wat brood voortbring uit die aarde**

Toe breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê:

**Dit is my liggaam wat vir julle gegee word;
doen dit tot my gedagtenis.**

Laat ons nou 'n stukkie van die Afikomen eet terwyl ons die gebroke liggaam van die Lam van God, wat die sonde van die wêreld wegneem, in gedagte hou. (Luk 22:19, 1 Kor 11:23-24).

Let wel: Die Afikomen is heilig (omdat dit toegewy is vir die Nagmaal) en moet as sodanig met respek hanteer word.

Indien daar oorbly kan dit gebruik word in Nagmaal, of dit moet verbrand word op 'n skoon plek (die Bybelse voorskrif vir heilige voedsel wat nie geëet word nie).

Die Beker van Verlossing – My bloed gestort vir julle!

1 Kor 10:16 Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Messias nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Messias nie?

Die bekere word nou vir die derde keer gevul.

En Jeshua het die beker geneem ná die maaltyd en Hy het gedank:

Baroeg ata Jahweh/Adonai, eloheinu, Meleg ha'olam, borei p'rie haghafen

**Geseënd is U Jahweh/Adonai, ons God, Koning van die heelal,
Skepper van die vrug van die druif**

Jeshua het die beker aan sy dissipels gegee en gesê:

**Hierdie beker is die Nuwe Verbond verseël met my bloed,
wat vir julle uitgestort word tot vergifnis van sondes.**

Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.

Psa 116:12+13 Wat sal ek Jahweh vergeld vir al sy weldade aan my? Ek sal die **Beker van Verlossing ("Jeshuah")** opneem en die Naam van Jahweh aanroep.

Laat ons nou hierdie beker drink tot gedagtenis van ons Verbond met Jeshua. (Mat 26:27+28, Luk 22:20, 1Kor 11:25+26)

=====

15. Lofdans / Musiekvideo (opsioneel)

Daar kan met 'n Lofdans bedien word met die kruisiging as tema, of 'n musiekvideo kan gespeel word om gaste kans te gee om daaroor te reflekteer.

• **Leser 1** **16. Die beker van Elia: Berei die weg van Elohiem**

Tradisioneel word 'n ekstra beker op die tafel geplaas vir die profeet Elia. Die Jode glo dat Elia die voorloper van die Messias sal wees, gebaseer op Mal 4:5:

Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van Jahweh aanbreek.

Hierdie profesie verwys ook na Jehoganan, ook bekend as Johannes die Doper. Jehoganan het dan ook verklaar dat Jeshua die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem.

Ons lewe in die eindtyd, hierdie is die dae van Elia.

• **Gaste in beurte** **17. Jeshua se Gebed vir sy dissipels**

Dit was aan die einde van die maaltyd dat **Jeshua die gebed in Joh. 17 gebid het vir sy dissipels**. Ons gaan nou daardie gebed lees:

Joh. 17v1 Dit het Jeshua gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—

v2 soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.

v3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jeshua die Messias wat U gestuur het.

v4 Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.

v5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.

v6 Ek het u Naam geopenbaar aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord bewaar.

v7 Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom.

v8 Want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee; en hulle het dit ontvang en waarlik erken dat Ek van U uitgegaan het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

v9 Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

v10 En alles wat myne is, is uwe; en wat uwe is, is myne; en Ek is in hulle verheerlik.

v11 En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.

v12 Toe Ek saam met hulle in die wêreld was, het Ek hulle in u Naam bewaar. Oor die wat U My gegee het, het Ek gewaak; en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die seun van die verderf, sodat die Skrif vervul sou word.

v13 Maar nou kom Ek na U toe; en Ek spreek hierdie dinge in die wêreld, sodat hulle my blydskap volkome in hulle kan hê.

v14 Ek het hulle u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

v15 Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar.

v16 Hulle is nie van die wêreld nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.

v17 Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid.

v18 Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur.

v19 En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid afgesonder kan wees.

v20 Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo—

v21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

v22 En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.

v23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

v24 Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees, sodat hulle my heerlikheid kan aanskou wat U My gegee het, omdat U My liefgehad het voor die grondlegging van die wêreld.

v25 Regverdige Vader, al het die wêreld U nie geken nie, tog het Ek U geken, en hulle hier het erken dat U My gestuur het.

v26 En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle.

Ons gaan nou bid vir die vrede van Jerusalem:

Bid om die vrede van Jerusalem; mag hulle wat jou liefhet, rustig lewe! Psa 122:6

18. Die Loflied (Hallel)

Mat 26:30 En nadat hulle Die Lofsang gesing het, het hulle uitgegaan na die Olyfberg.

(“Hodu L’Adonai” van Barry en Batya Segal kan gesing word, dit is gebaseer op Psalm 118, wat deel vorm van die Hallel).

Die Eerstelinggerf (Biekoeriem)

Die sogenaamde “Bybelse feeste” is almal afsprake met God (die Hebreeuse woord “mo’ed” verwys na ’n spesifieke bestemde tyd). Hulle verteenwoordig belangrike gebeure in God se handeling met ons as mense:

- | | |
|---------------------------------|-------------------------------|
| • Paasfees (Pesag): | Die Nuwe Verbond |
| • Ongesuurde brood (HaMotzi) | Oorwinning oor dood en siekte |
| • Eerstelinggerf (Biekkoeirim): | Opstanding van Jeshua |
| • Pinkster (Shawoe’ot): | Heilige Gees uitgestort |
| • Trompette (Jom Teroe’ah): | Wederkoms van Jeshua |
| • Versoendag (Jom Kieppoer): | Oordeelsdag |
| • Loofhuttefees (Soekkot): | Messiaanse Era / Vrederyk |

Jeshua is die graankorrel wat in die grond geval het en veel vrug dra:

Joh 12:23+24 Maar Jeshua antwoord hulle en sê: Die uur het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.

Lev 23:9-11 En Jahweh het met Moshe gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê aan hulle: As julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrings oes, moet julle die eerstelingsgerf van julle oes na die priester bring. En hy moet die gerf voor die aangesig van Jahweh beweeg, sodat julle welgevallig kan wees; die dag na die Sabbat moet die priester dit beweeg.

1Kor 15:20-23 Maar nou, die Messias is opgewek uit die dode; hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het. Want aangesien die dood deur ’n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ’n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in die Messias lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde:

As eersteling die Messias, daarna die wat aan die Messias behoort by sy koms.

(Vir diegene wat ’n Eerstelinggerf (of enige ander) offergawe wil bring om die bediening van Moadim Media te ondersteun, ons bankbesonderhede is op die laaste bladsy van boekie.)

Gidslyne vir die aanbied van 'n Pasga-Nagmaal viering

Tydsbeplanning / program:

Die storie self behoort nie langer as 'n uur te neem nie (mits mense nie veel tussenin gesels nie). Vanaf die begin van die Nagmaal tot die afsluiting is omtrent 'n halfuur. Indien u nog moet opruim dan kan u ten minste nog 45 minute toelaat. Indien u 45 minute toelaat vir die maaltyd dan gee dit u 'n absoluut minimum duur van 3 ure (4 ure word aanbeveel).

Die verwelkoming, aankondigings, die inleidende gedeelte *Voorbereiding vóór die Fees* en die begin van die program tot by die eerste beker wyn duur ongeveer 'n uur. Indien verkies of nodig kan dit gedoen word vóór sononder (omtrent 18:30 in Suid-Afrika).

(Die eerste beker wyn is deel van die Pasga-maaltyd, daarom word dit eers ná sononder gedrink.)


Die volgende items word benodig vir die Pasga-viering:

1. 'n "Seiderbord" met bakkies of bordjies vir die voedsel-simbole
2. Ongesuurde brode ("matzo's"): drie heles vir die "Afikomen"-seremonie (bo-op mekaar en toegedraai in 'n wit doek), plus ekstra vir eet
3. Vier bekere vir wyn (vyfde beker vir Elia opsioneel) en 'n houer met wyn
4. Waterkan, waskom en klein handdoek
5. Afskrifte van hierdie Haghadah
6. Kerse: Tradisioneel word twee kerse gebruik, maar baie gelowiges gebruik 'n menorah, wat 'n verwysing is na Jeshua en die Heilige Gees.
7. En natuurlik – kos vir die feesmaal. Kosher natuurlik, tydens Pasga beteken dit ook sonder enige suurdeeg. (Skaapvleisgeregte word dikwels bedien tydens die Pasga-seider om ons te herinner aan die Pasgalam.)

Let wel: Nagereg word afgeraai, want dit was nie deel van die Pasga-maal nie (dit neem ook die aandag weg van die Nagmaal). Koffie en tee kan bedien word met die gaste se aankoms.

Die Seiderbord:

U kan enige bord (selfs 'n skinkbord) gebruik en die voedsel-simbole in bakkies of pierings of netso op die bord plaas (u kan ook 'n spesiale Seiderbord maak of koop). Jy kan óf klein bietjies van die voedsel-items op die Seiderbord plaas en dan ekstra bakkies met genoeg groente en garoeset op die tafel plaas, óf bakkies wat genoeg groente en garoeset bevat vir al die gaste op die Seiderbord plaas en dit dan aanstuur tydens die seider.



Die Seiderbord word vooraf berei en by die leier van elke tafel geplaas.

Die volgende voedsel-simbole word daarop geplaas:

1. Bitter kruie en groente (me'roriem).

Gebruik iets met 'n bitter smaak, soos gerasperde peperwortel (horseradish), onverwerkte olywe of witlof (sigorei). Daar word ook 'n bitter groente soos bronkors (watercress) of radys (radish) bygevoeg. Maak seker dit smaak bitter – dit is nie veronderstel om lekker te smaak nie...

Daar word twee bitter voedsel-simbole gebruik omdat Num 9:11 na bitter kruie (meervoud) verwys.

2. Bakkie met soutwater. Daar behoort ook genoeg bakkies met soutwater op die tafel geplaas te word vir die doop van die groente. Soms word asyn gebruik.

3. 'n Groente (karpas) – groente wat in soutwater gedoop gaan word, bv. seldery, pietersielie of komkommer.

4. Garoeset ('n mengsel van gekapte appels, neute en kaneel, natgemaak met wyn). Dit simboliseer die modder waarmee die kinders van Israel stene mee moes maak vir Faroah se slawedrywers.

5. 'n Skaaplam se skeenbeen (z'roa). Die been simboliseer die Pasgalam.

Resep vir garoeset (gekapte appelmengsel op die seiderbord)

Hierdie resep lewer omtrent 3 koppies wat genoeg behoort te wees vir 6 persone.

Bestanddele:

6 appels – skil, verwyder stronk en kap fyn

1 koppie fyngekapte okkerneute of amandels (grondboontjies sal ook werk)

1/2 teelepel fyn kaneel

1 teelepel suiker

3 teelepels heuning

soet rooiwyn om nat te maak (omtrent 1/3 koppie)

(dadels kan ook bygevoeg word, indien verlang)

Metode:

Kap die appels en neute fyn tot die verlangde tekstuur (of gebruik 'n voedselverwerker).

Meng die kaneel en suiker en sprinkel oor die appels en neute.

Roer in die heuning en soetwyn.

Verkoel tot bediening of bedien dadelik.

Praktiese reëlings:

(Hierdie reëlings kan dalk nuttig wees in groot groepe met tydbepelings. Pas aan of vereenvoudig vir jou groep).

Die Nagmaal is die belangrikste deel van die byeenkoms. Probeer om die Nagmaal en Jeshua se gebed vir sy dissipels nie té laat te doen nie, ter wille van gaste wat nie te laat kan bly nie. (Anders mag gaste dalk gejaagd voel en dit doen sonder die nodige waardigheid).

Vra die gaste om die tussen-in gesels te beperk tydens die verhaal, sodat daar meer tyd is om die maaltyd te geniet en saam te kuier.

(Daar kan 'n teken gegee word wanneer die volgende spreker of leser iets gaan sê).

Die seider-borde kan van die tafels verwyder word ná afloop van die verhaal, sodat daar meer ruimte is om die maaltyd te geniet.

Elke tafel kan 'n gasheer aanstel wat die wyn sal skink en die Afikomen (Nagmaal-brood) sal breek. (Wenk: as hy in die middel sit dan is hy binne bereik van al die gaste aan tafel).

Opskeptyd by die kostafels kan halfeer word indien daar twee rye is, en die gaste weerskante van die tafels verbyloop, en daar twee opskeplepels in elke bak geplaas word (Dis veral van toepassing met groter groepe).

Verwyder die oorblywende voedsel vanaf die kostafels 'n kwartier vóórdat die Nagmaal bedien word, en die eetgerei vanaf die eettafels sodra gaste klaar geëet het. (Met al die kos uit die pad behoort die gaste se aandag by die Nagmaal te wees.)

Wenk: Laat mense hul eie eetgerei bring en by hul huise gaan was. As gaste hul eetgerei by die feeslokaal wil was, laat hulle dit dan onmiddellik was soos wat hul klaar geëet het. (Party mense eet baie vinniger as ander. Dit sal 'n lang opruim aan die einde van die fees verhoed.)

Vra die mans by elke tafel om te help om die tafels en stoele te verwyder ná die afloop van die byeenkoms, indien nodig.

Ons leringe en hulpbronne kan gratis afgelaai word vanaf

www.moadim.org.za

Materiaal kan herdruk en versprei word, maar sonder veranderings en met erkenning aan Moadim Media.

Gebede en ondersteuning vir ons bediening word benodig en waardeer.

Baie dankie, seënwense en shalom! ☺

Bankbesonderhede:

Rek. Naam: Moadim

Rek. Nr: 9232 262 409

ABSA spaarrekening

Tak: Hermanus 632005

Gerhard Groenewald

© **2020 Moadim Media**



Wat is die oorsprong van Nagmaal?

Wat het Jesus en sy dissipels gedoen tydens hul laaste maaltyd saam?

Hoekom het hulle gedoen wat hulle gedoen het?

Die interaktiewe verhaal ("Haggadah" in Hebreeus) in hierdie boekie bevat die basiese kern-elemente van 'n Pasga-viering:

- om u die agtergrond en basis van die Nagmaal te gee,
- met die fokus op Jeshua as die Pasgalam.

Mag dit meer diepte en betekenis verleen aan u Nagmaal.

Hierdie boekie is 'n ideale geskenk vir iemand wat daarin belangstel om meer te weet van die oorsprong en betekenis van die Nagmaal – of om self te gebruik vir 'n spesiale Nagmaal!